Dinsdag **20**

**SKRIFGEDEELTE: SEFANJA 3:1-13**
**FOKUSGEDEELTE: SEFANJA 3:9**

### Sefanja, die profeet van onheil en redding

Die profeet Sefanja (die Here het verberg) tree op teen die volk van God wat begin dink het dat hulle godsdiens nie meer die moete werd is om te beoefen nie. Dit skilder inderdaad ook die prentjie van ons samelewing vandag. Mense hou bloot nie meer rekening met die Here nie.

Sefanja se boek is tweeledig. Eerstens wil hy die volk daarop wys om nie ligtelik met God om te gaan nie: "Ek gaan 'n einde maak aan alles op aarde, sê die Here" (Sef. 1:2). God hou die wêreld in sy hande en Hy bepaal elkeen se lot. Tweedens wil hy die volk op God se reddende genade wys: "Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak, sodat hulle almal My sal aanroep en soos een man My sal dien" (Sef. 3:9). God wil nie hê dat enigiemand verlore gaan nie. Daarom is God bereid om met elkeen 'n nuwe begin te maak.

God wil my as sondebesmette mens reinig. Waarom? Om Hom met 'n rein hart te kan dien. God se genade reinig en herstel elkeen wat glo. God red ons en herstel ons sodat ons in die regte verhouding met Hom staan. God wil ons herstel tot die oorspronklike bedoeling wat Hy met ons gehad het.

Sonder Jesus se genade is ek 'n ellendige mens! Sonder die ware "goeie nuus" van Jesus is ek sonder 'n verhouding met God. Jesus het genade gegee aan mense wat genade nodig gehad het. Hy het die "goeie nuus" gebring dat daar by God hoop is vir die ellendige mens. Hy gee mense 'n verhouding met Hom.

Sefanja laat die lig op die genade van God val, genade wat vrymaak!

*Ds. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)*